

# DIE ZASTRONNER



# Zastron Apteek

*vir Gesondheidsorg en Diens*



ONS BIED U

- ✲ Kosmetiese Huise
  - *Revlon*
  - *Alexandra de Markoff*
  - *Yardley*
  - *Innoxa*

PLUS

- ✲ Green Cross-Skoene
- ✲ Maandelikse Plus-Promosies en Kompetisies
- ✲ Alpha-Fotodiens
- ✲ Kaartjies en Geskenke

Ons is ook 'n **Medikredit-Apteek**

KOM KYK GERUS!

**TEL (05542) 54 & 355 *(Huis)* 546 • POSBUS 400 • ZASTRON 9950**

# REDAKSIONEEL

## GOEIE GESONDHEID IS 'N GESKENK VAN BO

In Woorde wat leef van Kobus van der Colff is die verhaal van Tagore wat woedend was omdat sy bediende laat was vir werk. Sy huis was onnet, daar was nie water nie en sy klere het rondgelê. Hoe later dit geword het, hoe kwater het Tagore geword en kwaai strawwe vir sy bediende bedink. Toe hy uiteindelik opdaag, het Tagore woedend uitgeroep: "Gaan weg voor my oë, ek wil jou nooit weer sien nie." Die bediende het egter in 'n sagte, skor stem geantwoord: "My dogtertjie is verlede nag dood." En sonder om 'n woord verder te praat, met sy daaglikse werk begin.

Somtyds leef ons so in 'n wêreld van ons eie, dat ons sekere dinge as vanselfsprekend aanvaar, waarvan goeie gesondheid myns insiens een is. Ons sal mos maar net die volgende oggend weer gesond opstaan. Ek wil eintlik sover gaan om te sê dat ons ydelheid so maklik seëvier en dat ons hoogmoedig raak oor ons goeie gesondheid en vergeet dat dit 'n gawe van bo is. Om 'n sterk en gesonde liggaam te hê, is 'n onbeskryflike voorreg. Maar hoe dikwels hoor 'n mens nie dat daar met goeie gesondheid gespog word, asof die eer hulle toekom nie.

Wanneer 'n mens dan miskien soos Tagore geskok word deur die onverwagse tyding, of miskien langs die ernstige siekbed van 'n geliefde staan, dan word jy stil en weet dat jou probleme nietig is en dat jy nog soveel het om voor dankbaar te wees. Dan besef jy dat jy nes die man is wat onvergenoegd gevoel het oor hy nie die regte paar skoene kon vind nie, totdat hy 'n man sonder voete gesien het!

Miskien is dit nodig om weer 'n keer ons goeie gesondheid raak te sien en met innerlike vreugde te bely - "Ek tel my seëninge nou en dra verheug my ligte juk."


Redaktrise

**Redaktrise:**
**Diana Rautenbach**
**Adres:**
**Die Zastronner**
**Posbus 54**
**ZASTRON**
**9950**
**Tel.: 1821**
**Boesmanskop**

**Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.**

**Met dank en erkenning aan:**
**Die Munisipale Raad vir hul borgskap;**
**Mnr. Pieter Brink vir die voorbladfoto;**
**Die kleurskeiding geborg deur die Landbougenootskap**
**Die N.G. Kerk Vanstadensrus vir hul steun;**
**Adverteerders en Medewerkers**

# B R I E W E



Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Woensdag, 23 Oktober 1991.

## SO MAAK MENS NUUSKIERIGE AGIES STIL

Liewe vriende

Om 'n dokter deesdae te besoek, is 'n "pynlike" duur ondervinding, maar dit aanvaar ek - die mense moet ook mos leef! Waarteen ek dit eintlik het, is die atmosfeer in die wagkamer. 'n Mens wag mos maar altyd by 'n dokter ........ Nou ja, as die spreekkamer reeds vol is, dan heers daar mos so 'n "stilte voor die storm." Dis nou die tyd waarin die "wagtendes" besluit hoekom jy die dokter besoek! Namate die tyd dan aanstap, kom die irriterende vraag: "Is jy siek?" Gewoonlik is jou antwoord nie bevredigend nie en word daar in diepte ingegaan. Sodra die siekte geïdentifiseer is, blyk dit dat die meeste "wagtendes" dit ook onderlede het of reeds amper boeke daaroor kan skryf!

Nadat ek my nou die dag weer so vererg het vir nuuskierige agies in die spreekkamer, vind ek toe hierdie staaltjie en deel dit graag met ander vir wie die uitvraery ook 'n bron van irritasie is: "'n Man wat se arm in gips is, kom die wagkamer binne. "Is jou arm gebreek?" vra die tante in die hoek. "Ja," antwoord die man kortaf. "Was jy in 'n ongeluk?" vra 'n ander. Daar's 'n lang stilte voordat die man antwoord. "Nee, ek het dit gekry toe ek myself op die rug wou klop." "Regtig? Hoekom wou jy dit doen?" "Omdat ek altyd my neus uit ander mense se sake hou!"

Groetnis tot later.
**Sinterklaas**

Vleis Vleis Vleis Vleis

**ZASTRON SLAGHUIS**

TEL. 20 Na-ure TEL. 468

**HOOFDSTR. 25**
**ZASTRON**

***ONS IS VERSKAFFERS VAN***

**Vars vleis**

**Biltong en Droë Wors**

**Tuisgemaakte kouevleis**

**Lekker kerrie sosaties**
**en hoender sosaties**

**Melk en Vrugtesappe**

*KOM BINNE EN OORTUIG USELF*

*VAN DIE BESTE PRYSE OOIT*

Vleis Vleis Vleis Vleis

## HOERA VIR SINTERKLAAS SE POSITIEWE DENKE

### KASPAAS VAN ZASTRON SKRYF:

Ek het al vantevore gesê dat Sinterklaas 'n denker is, sy briewe die afgelope twee maande in Die Zastronner bevestig dit weer.

Dit is so dat die sakelui van Zastron die gemeenskap dra, wat se dank kry hulle regtig? Bloemfontein is goedkoper, petrol is verniet én ons klop by hulle aan vir donasies en borge. Ek het egter nog nooit gehoor dat 'n buite firma wel so 'n donasie gegee het nie. Snaaks dat ou Sinterklaas nie deur die sakemanne geantwoord is nie. Kom manne, julle siening asseblief!

Wat die "sporthelde" aanbetref, wil ek net graag hierdie mense vra om na vore te tree - help die kinders met u kennis en afrigting. Hulle het u nodig, maar weet dalk nie hoe om u te nader nie.

Dink voort, Sinterklaas, ons hou van sulke positiewe gedagtes.

## DANK VIR BYDRAES OM ZASTRONNER TE HELP

### ZASTRON LIONSKLUB skryf:

Ons is jammer om te verneem van die groot skade met die buiteblaaie wat uitgebrand het.

Aangesien Die Zastronner die Lionsklub so goedgesind is, skenk ons met plesier 'n donasie en spreek die vertroue uit dat dit gedeeltelik sal help om die skade te verhaal.

Baie dankie ook aan **Dawid en Elsabé Jordaan en mnr. Danie Cronjé en mnr. Chris Crous** vir hul bydraes. Dit word opreg waardeer. - Red.

---

## AANKONDIGING

Hiermee geskied kennis dat die voortbestaan van Die Zastronner in gedrang gekom het.

Indien daar nie 'n oplossing gevind kan word nie, sal 'n terugbetaling aan alle adverteerders en intekenaars gemaak word. Die Zastronner sal in die volgende uitgawe die lesers in kennis stel van die toedrag van sake.

***DIE UNIE DRANKWINKEL***



**Posbus 2**
**Tel. 36**

**Ons waarborg persoonlike aandag**

***Dawid en Elsabe Jordaan***

NESNA
Voortrekkerstraat
Zastron TEL 516

*Coronation Stene*
*Hardeware*
*Deure*
*Vensters*
*Glas*
*Hout & Sink*

Spesialiseer in
Vadek
PAINT / VERF

## RY VERSIGTIG OP HOOFPAD

Die hoofpad tussen Zastron en Wepener is werklik 'n baie gevaarlike pad met bedrieglike draaie en blinde hoogtes, ook dra dit 'n redelike groot verkeer.

Wat egter my verstand te bowe gaan, is dat daar geen sperstrepe verskyn nie. Selfs nadat daar die afgelope tyd verskeie noodlottige ongelukke plaasgevind het, is geen poging aangewend om die pad meer veilig te maak nie.

Aangesien daar nou aan die pad gewerk word en 'n mens feitlik na die middel gedwing word, wil ek 'n beroep op motoriste doen om ekstra versigtig te bestuur. Selfs mense wat die pad gereeld ry, erken dat dit, veral snags, 'n nagmerrie-pad geword het.

## DAGBOEK

### Oktober

1 Skole heropen
2 Oueraand
Zastron Boerevereniging
OVV
Ouerleidingskliniek
Matriekafskeid
7 Lionsklub: Vergadering
Inwyding skietbaan
8 Tuinbou
10 Krugerdag
Plesierrit
Foreldag
11 Genadeberg Boerevereniging
11-
12 Voortrekkerkamp
12 Gholf: Myburghbeker
16 Karoo Ochse: Veiling
17 W.A.
Skool: Prysuitdeling
18 Beheerraad: Huis Vergesig
Bewaringskomitee
19 Gholf: Borgdag
23 VLU
Kerkraadsvergadering
25 Distriksboere-unie
Metodiste-funksie
26 BKJA- Ringkamp
29 Skakelkomitee: Datums vir 1992
31 Skool: Filmvertoning

# EK HOOR .....

## GEBOORTES

Hannes en Carin Calitz het op 5 September 'n dogtertjie ryker geword. Dit is hul tweede kind.

Mico en Christine Troskie van Wepener is die trotse ouers van 'n seuntjie wat op 11 September in Bloemfontein gebore is.

Riaan en Tersia Deneys van Zastron Apteek se eersteling, 'n seuntjie is op 19 September gebore.

Wilhelm en Marisa Wessels se seuntjie is op 19 September te Bloemfontein gebore. Mnr. en mev. Koot Wessels van Vanstadensrus is die grootouers.

## HUWELIKE

Lizbie, dogter van mev. Ryna Wessels van Rouxville het op Saterdag, 21 September in die huwelik getree met John Annandale van Bloemfontein.

Hanri, jongste dogter van mnr. en mev. Hansie Calitz van Zastron is op Saterdag, 21 September in die huwelik bevestig met Jannie Goosen van Hertzogville.

## HEENGEGAAN

Mnr. E.T. Cretchley (85) van Mohaleshoek is op 5 September in die hospitaal oorlede.

Mnr. J.L. Wessels van Rouxville is op 6 September in die ouderdom van 82 jaar in die Zastron-hospitaal oorlede.

Op 9 September is mnr. Harry Webb van Zastron oorlede. Hy was 73 jaar oud.

Die 24-jarige mev. Frieda Kruger van Higgsstraat 2, Zastron is onverwags op 18 September oorlede. Sy word oorleef deur haar man en drie kinders.


*Soekie Venter*
*Eiendomsagent*



**Tel. 72**
**alle ure**

**UNITED ALLIED SANTAM-VERSEKERING**

SANTAM
*MULTIPLEX*

*Die wydste dekking onder een sambreel*

**Lenings kan gereël word**


Vrystaatse Lewendehawe
Gustavusstraat 24A
Posbus 6
ZASTRON

## OKTOBER-VERJAARDAE
### Huis Vergesig

Huis Vergesig herdenk op 1 Oktober sy tiende verjaardag. Die inwoners sal 'n spesiale middagete geniet. Op 2 Oktober vier mev. J.S.E. Annandale haar 84ste verjaardag. Mev. C.J. Nel is 78 jaar oud op 20 Oktober.

### N.G. Kerk Zastron

2 Lettie Swanepoel
  Lena Hoffman
3 Hansie Calitz
4 Alida Lamb
  Anton Naude
5 Lucy Fouche
  J.L. Mans
  Boer Greyling
6 Ivan Maré
7 Walter Jansen van Vuuren
  Ria Webb
8 Tossie Smith
9 Anna Muller
10 Annatjie Coetzee
  Ben Mathee
  Ossie Venter
11 Hennie van Dyk
  Piet Smit
  Flip Snyman
  Bettie Labuschagne
12 Martha Steyn
13 Rema van Rooyen
14 Wicus Fouche
  Gawie Schoeman
  Dirk Kriel
15 Elana Klopper
  Susan Brand
16 Chris Crous
17 Meisie Swart
19 Marie Venter
20 Anton Scorrano
  Naude van Reenen




21 Marina Kramer
22 Elize Jansen
  Manie Botha
23 Emmerentia Meades
  Marie van Tonder
26 Magdalena Keyser
  Ludwig Deetlefs
27 Matty van der Berg
28 Magriet McCallaghan
  Chris Jacobs
31 Sus Olivier
  Ria Naude

### Vanstadensrus

4 Van Zyl Cronje
8 Anne Wessels
  Pietie Bruwer
9 Monkey Thörmahlen
12 Neels Wilken
25 Koki Thörmahlen
27 Esna Wilken

## SIEKTES

Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in die Zastron-hospitaal:

Mnr. C. van Pletzen van Vanstadensrus, mnr. J.B.C. Botha van Zastron, mnr. E.M. Peens van Wepener, mnr. Jan Opperman en mev. M.P.F. Arnold van Vanstadensrus.

Mnr. en mev. E.P. Theron se vyfjarige seuntjie, Pieter, is ernstig siek in Bloemfontein.

Mev. Ilse Rautenbach is in die Universitas-hospitaal, Bloemfontein.

## NUWE INTREKKERS

Mnr. en mev. N.J. Khitsane woon in Vegkopstraat 55, Zastron.

Mnr. en mev. Donald Tsembeyi is die nuwe inwoners te Ralphstraat 19.

Mnr. en mev. Dirk Springbok woon ook in Vegkopstraat.

## ALGEMEEN

Mnr. Willem Swanepoel van Wepener is tans die grootste wolprodusent in Suid-Afrika.

Die Publisiteitsvereniging het op 20 September vergader. Daar is besluit op elke derde Vrydag van die maand om 08h30 te vergader. Op die volgende vergadering sal daar besin word oor die opstel van 'n inligtings-brosjure oor die dorp en omgewing.

Die Landbougenootskap vergader op 2 Oktober om in alle erns met volgende jaar se Oogfees-reëlings te begin. Die fees sal op 1 en 2 Mei 1992 plaasvind en 'n rit met die stoomtrein is weer op die program.

'n Nuusbrief net vir die sakelui op die dorp word vanaf volgende maand deur die Zastron Sakekamer versprei.


Megasave
Independent Support Group

**VANANCO**
*Groothandelaars*
**ZASTRON**

AGENTE VIR

Sentraalwes (Kooperatief) Beperk

Sasko

*Kom vergelyk ons pryse*

**TEL 346 179**

**VRA VIR RONNIE OF MIKE**

# ZASTRON KRY EIE SKAKEL/REKLAMEBEAMPTE

Mev. Karen Botha (foto onder) is met ingang 1 Oktober aangestel as Skakel- en Reklamebeampte van Zastron.



Mev. Botha het aan Die Zastronner vertel, dat haar taak skakeling met die media behels, identifisering van toerisme-aantreklikhede, asook die bekendstelling van die dorp en omgewing. 'n Spesiale kantoor word by die Munisipaliteit ingerig en mev. Botha sal dit weeksdae vanaf 08h00 tot 13h00 beman. Almal wat oor inligting rakende besienswaardighede op plase of enige ander aantreklikhede beskik, kan met mev. Botha skakel by tel. 18.

Mev. Botha het 'n Pre-Primêre Diploma-kursus aan die Onderwys Kollege te Pretoria voltooi en is 'n gekwalifiseerde äerobiese instruktrise. Sý is getroud met mnr. Paul Botha, bestuurder van die Maluti Hotel op die dorp.

## NUWE BEVELVOERDER

Op 9 September het Lt. Johan Schoeman as die nuwe bevelvoerder van Zastron Polisiestasie diens aanvaar.

Lt. Schoeman was die afgelope twee jaar bevelvoerder op Goedemoed.

Hy is getroud en die egpaar het 'n seuntjie wat een jaar oud is.

# Lambons Ford

NUWE VOERTUIE
VOORKOM
TELEURSTELLING

PUIK GEBRUIKTE
VOERTUIE
ENIGE PRYSKLAS



## SKAKEL NOU
## VIR PIET FONTERNEL
## GEDURENDE KANTOORURE
## BY TEL. (051) 475332 x 137

Posbus 155

Kerkstraat 145

BLOEMFONTEIN

# MUNISIPALE NUUS

## Chalets

Die bou van die chalets onder leiding van mnr. André Steyn vorder baie goed en behoort eersdaags klaar te wees.

Om misverstande uit die weg te ruim, wil die stadsklerk, mnr. Cassie Cordier die publiek se aandag op die volgende vestig:

Die Chalets word nie met die belastingsbetaler se geld opgerig nie, maar met ander fondse.

Die koste van die Chalets sal nie baie hoog wees nie, aangesien alle werk departementeel verrig word.

## Raadsbesluite

Mnr. Cordier wil verder ook die volgende besluite bekend maak:

Met ingang 1 Julie 1991 is verhoging van die toelaes van raadslede aangekondig wat die Raad ongeveer R21 000 ekstra sou kos.

'n Skrywe is ook van die Pensioenfonds ontvang waarin die Raad genooi is om pensioenvoordele vanaf 1988 terug te koop, asook om nou lid van die pensioenfondse te word.

Indien die Raad hierdie voordele sou terugkoop, sou dit 'n uitgawe van ongeveer R70 000 bedra. Verder sou dit ongeveer R20 000 jaarlikse kos indien die Raad lid sou word.

Die Raad het egter in beide gevalle, die belange van die belastingbetaler in ag geneem, deur nie die toelaeverhoging of die pensioenfonds-skema te aanvaar nie.

---


FINANSIëLE ADVIESDIENS

OU MUTUAL

KRY MEER UIT DIE LEWE

*Kontak Frik Smit*
*Tel. 131*
*Ou Mutual*
*VLK-gebou*
*Zastron*

MUTUAL & FEDERAL VERSEKERING

rotsvas

Bates oorskry R600 miljoen, solvensiedekking meer as 90%

# MISDAAD

## Inbrake

Gedurende die nag van 4 en 5 September is daar by Fairways ingebreek. Gebruiksitems ter waarde van R6 800 is gesteel. Op 6 September is 'n arrestasie gemaak en 'n swart man word aangekla.

Op 4 September is daar by die Stadsaal ingebreek. 'n Hoëtroustel wat Pinnochio Pre-Primêre Skool gebruik het vir hul trompoppievertoning is gesteel. Ook die Munisipaliteit het 'n klag gelê van 'n klankversterker ter waarde van R1 000 wat gesteel is. 'n Swart man is gearresteer.

Gedurende die nag van 25/26 Augustus is daar by Pieterstraat 1 ingebreek. Gordyne is gesteel. Twee swart mans is gearresteer.

'n Radio/Kassetspeler is op die plaas, Hebron uit mnr. Manie Steyn se motor gesteel. Die diefstal het gedurende 13 - 17 September plaasgevind en die skade word op R640 bereken.

## Veediefstal

Op die plaas, Maghaleen van mnr. Sydney Townsend is twee skape gesteel vanaf 20 Augustus tot 4 September.

Op die veepos, Dankbaar, is 1 skaap gesteel. Twee swart mans is gearresteer.

Van mnr. Hendrik Opperman van die plaas, Panbult is twee skape gesteel gedurende 26 Augustus tot 12 September.

TOPSPORT

Posbus 308 ZASTRON Tel. 343

SPORT-AFDELING

* Sweetpakke * Sportsakke
* Sportbroeke
* Verskeidenheid hemde
* Tennisklere * Sportkouse
* Skoene vir alle sport
* Sportballe
* Gholftoerusting

SPESIALE AANBOD

Hardloopskoene vir kinders
Klein 9 - Groot 5 @ R29.99
Wintersmateriaal op uitverkoping

MATERIAAL-AFDELING

* Rokmateriaal * Satyn
* Kaasdoek * Breistowwe
* Sweetpakmateriaal
* Winterslap * Satynlint
* Naaldwerkbenodigdhede
* Verskeidenheid garing
* Kant

GEHALTE & KWALITEIT IS ONS LEUSE

# 'N DAG VIR BEJAARDES

Woensdag, 4 September in die Callie Human-saal van die U.O.V.S. was voorwaar 'n hoogtepunt in die jaar van die bejaardes in die Vrystaat. Onder leiding van die streekskoördinerende komitee vir bejaardesorg het die ou gardes van oor die Vrystaat saamgetrek. Van Zastron het 'n agttiental, saammet die leidster van die trimgrimgroep, mev. E. Church, Bloemfontein toe gegaan.

### Program

In sy openingsboodskap het die Vrystaatse Administrateur, dr. Louis van der Watt, met groot waardering melding gemaak van die bo-sestigers wat steeds hul waardevolle bydraes lewer op verskeie terreine van die gemeenskap.

Die bekende Al Debbo was die seremoniemeester en het kort-kort die duisende laat skaterlag en met sy kenmerkende sê-goed en bewegings gesorg dat die program seepglad verloop.

Naas die sangsolo's van mev. Coetzee van Kroonstad en mev. Du Toit van Bultfontein, het die kore van Kroonstad en Bloemspruit etlike liedere van ouds treffend vertolk. Die Gimnastieksentrum, Uit en Tuis se vertonings van die nuwe trimgimoefeninge vir bejaardes het wye "bewegende" reaksie uitgelok. Later kon talle entoesiaste aan 'n massa-trimgim deelneem. Aan die einde was daar selfs geleentheid om litte los te maak op maat van die Kuierhoekie se boere-orkes.

Gedurende die verrigtinge het verteenwoordigers van die swart gemeenskappe, Wepener, Luckhoff, Bultfontein en Mangaung, verskeie items gelewer.


CHAMPION DISTRIBUTORS

*Softs wholesale*
*for shop & store owners*

All School Shoes
Mens Wear
Childrens Wear
Ladies Fashion Wear
Baby Wear

prop. M.A. MARTIN

Tel. 522
Zastron

# ZASTRON FORELKLUB

Hiermee rig ons 'n hartlike uitnodiging aan Zastronners om op Donderdag, 10 Oktober 'n gesinsdag by die Kloofdam te kom geniet.

## Kompetisie


'n Reuse hengelkompetisie sal vanaf 06h00 tot 12h00 gehou word. (Onthou om u hengellisensie saam te bring!) Daar is groot pryse ter waarde van R1 500 om te wen en daar word in drie afdelings, naamlik forel, karp en barber gekompeteer.

Hoe sal u byvoorbeeld daarvan hou om twee motorbande te wen vir die eerste forel wat gevang word of miskien van 'n visstok vir die swaarste karp of barber? Daar is selfs twee skape te wen, maar kom oortuig uself, want daar is nog talle meer!

Die inskrywingsgeld beloop R15 per persoon en sluit 'n ontbyt in.

Vanaf 12h00 is middagete beskikbaar teen R20. Dit bestaan uit heerlike gebraaide hoender, slaai en broodrolletjies. Wegneemetes, pannekoek, tee, koffie en koeldrank sal ook beskikbaar wees. Bring slegs u eetgerei en drinkgoed en wen nog 'n groot prys met u ete-kaartjie.

Moet verseker nie hierdie groot dag misloop nie. Kaartjies is by Zastron Slaghuis, Model Slaghuis, Springbok Kafee, Andre Steyn, Hans Dry, Hans Botes en by Gawie Schoeman beskikbaar. Vir enige navrae kan Gawie Schoeman geskakel word. Tel. 188 (w) en Tel. 445 (h).



# ONS KRUIK

*TEL. 502* *Ralphstraat, Zastron*

**KOM BESOEK ONS GERUS**

Groot verskeidenheid geskenke
Wolmatte wat elke sak sal pas
Probeer ons konfyte
en blatjang
Potplante

**Ons bak nou verjaardagkoeke en vir partytjies**



**ONS LEWER GRAAG DIE GESKENK VAN U KEUSE AF BY DIE HOSPITAAL OF TUIS**


# FONDSINSAMELING VIR KLEUTERS

Op 6 September het die Pinnochio Pre-Primêre Skool 'n kaas en wyn-onthaal in die stadsaal aangebied om hul fondse te versterk. 'n Bedrag van R2 100 is ingesamel waarmee apparaat vir die skool aangekoop gaan word.

Die skool het verskeie sangitems gelewer en die "junior" trompoppies het gewys dat Zastron nog baie talent het. Elke kleinding het ook 'n "skildery" gemaak wat deur hul ouers gekoop is.

Die Ouervereniging het terselfdertyd 'n skildery-trekking geloods. Altesaam vyftien pryse wat deur plaaslike besighede geskenk is, moes gewen word. Die eerste prys, 'n skildery ter waarde van R500 is deur mev. Helen Shaer gewen. Mev. Shaer het dit weer aan die skool teruggeskenk.

**Grootoog en vol afwagting sit die kleingoed van Pinnochio Kleuterskool en wag dat die gordyne oopgaan om hul sangitem spesiaal vir pa en ma te kan lewer.**



Die sjarmante trompoppies van Pinnochio Kleuterskool het oud en jonk se harte gesteel.



## MOLESTE OP TROUDAG



Dit het só gebeur: Tannie Sue van Zyl wat in 1918 getroud is se bruidegom se troupak was voor die groot dag nommerpas, maar o wee, op die mooi dag was die baadjie net te wyd. Daar moes toe ternouernood agter vasgewerk word. Daarna kon die bruid em bruidegom eers met die blink speekwiel Ford kerk toe ry!

En toe tant Johanna van der Berg en haar bruidegom in 1928 met die kapkar oppad kerk toe is, begin dit lekker reën. Die gevolg was dat die wit volstruispluime van die perde druipstert hang en die bruid moes lelik koes om haar spierwit trourok te beskerm.

So het die groot getal Gryswyses hul troudae saam op Dinsdag, 3 September herdenk. Die troutafel was gedek en getooi soos in toeka se dae met terte, koeksisters, vleispasteie en selfs troukoek - gepak en gestrik!

Die komitee-tannies (Issie, Johanna, Susan, Lena en Nettie) het dit smaaklik bedien. Elsabé Jordaan was verantwoordelik vir die ruikers en 'n hele paar troudag- en lentedagliedere is gesing om almal in die regte stemming te plaas.

# WENKE VIR DIE BOER

## OM TE MEET IS OM TE WEET - Nico Jansen

'n Boer moet besluit watter rekords hy wil hou sodat hy voldoende inligting relatief maklik kan beskou. Vandag se boer moet nie net met vee kan boer nie, hy moet ook met geld kan boer. Feit van die saak is dat doeltreffende rekordhouding die sleutel tot 'n suksesvolle en finansieël gesonde boerdery is. Rekords stel die boer in staat om sy boerdery te leer ken, leemtes te identifiseer en uit te skakel.

**Om te WEET, moet:**

* 'n fisiese sowel as ekonomiese inventaris van die boerdery,
* finansiële gegewens,
* fisiese produksiegegewens en
* rekord van werksaamhede op datum gehou word.

**MEET daarom:**

* Inventaris en belansstaat;
* Maandelikse inkomste en uitgawes,
* Debiteure en krediteure,
* Verdeling van boerderyvertakkings,
* Begroting,
* Hulpregisters,
* Fisiese gegegewens

- aantal hektare natuurlike veld,
- aantal hektare onder elke gewas,
- opbrengs per hektaar,
- opbrengs per grootvee-eenheid
- Besettingspersentasie =

$$\frac{\text{Aantal ooie wat gelam het}}{\text{Aantal ooie gepaar}} \times \frac{100}{1}$$

- Fekunditeit =

$$\frac{\text{Aantal lammers gebore}}{\text{Aantal ooie gelam}} \times \frac{100}{1}$$

- Lampersentasie =

$$\frac{\text{Aantal lammers gebore}}{\text{Aantal ooie gepaar}} \times \frac{100}{1}$$

- Speenpersentasie =

$$\frac{\text{Aantal lammers gespeen}}{\text{Aantal ooie gepaar}} \times \frac{100}{1}$$

- Lamvrekpersentasie =

$$\frac{\text{Aantal lammers gebore - Aantal lammers gespeen}}{\text{Aantal lammers gebore}} \times \frac{100}{1}$$

- Die werk van diere se ore en/of die gebruik van plaatjies bly 'n wesensdeel van 'n veeboer se rekordstelsel, deurdat dit met vrug gebruik kan word om ekonomiese belangrike eienskappe te identifiseer, soos byvoorbeeld ooie wat nie lam nie of nie 'n lam speen nie.

As ons dus nie MEET wat in die boerdery aangaan nie, sal ons nie WEET waar die probleme lê om vroegtydig 'n regstelling te maak nie.

## LADYBRAND KOÖPERASIE

Op 29 Augustus was dit weer tyd vir Ladybrand Koöperasie se jaarvergadering. Wat egter hierdie vergadering besonders gemaak het, was dat die Koöperasie sy 50ste bestaansjaar herdenk het.

Die huidige voorsitter, mnr. D.C. Holmes het gesê: "Dit is 'n besondere mylpaal in ons geskiedenis en daarom is dit van pas om hulde te bring aan my voorgangers vir hul versienheid en deursettingsvermoë."

Van die Zastron-boere wat teenwoordig was, was o.a. Hennnie Labuschagne, At Roelofse, Dirk Snyman, Walter van Vuuren, Eugene Heyns en Andries Swanepoel.

*Veiling*
***WOENSDAG***
***16 OKTOBER***

Karoo-Ochse

**Algehele uitverkoping op Brandwag**
**7 Oktober**

Inus van Schalkwyk
Tel. 151 Zastron
Alle ure

## GLEN BOEREDAG

Die Glen Boeredag vind vanjaar op Donderdag, 3 Oktober plaas. Die verrigtinge begin om 08h00.

Alle boere en belangstellendes is welkom om dit by te woon. Die hooftema is "'n Nuwe strategie vir landboubediening." Verskeie demonstrasies sal gelewer word.

'n Interessante damesprogram word ook aangebied. Mev. Elsa Kolver is die gasspreker en sal oor die boer en sy vrou gesels.

Die dag word met 'n braaivleis afgesluit.

## SPONSSIEKTE

Dr. Rob Brüning skryf:

Dit het talle keer onder my aandag gekom dat boere dink dat daar sponssiekte op hul plaas is. By nadere ondersoek blyk dit dan anders te wees.

'n Karkas wat erg opgeswel is en sponserig voel, is nie noodwendig sponssiekte nie. Sekere ontbindings-bakterieë veroorsaak baie gas en lei tot sulke simptome.

Om sponssiekte te diagnoseer, is nodig om veelvuldige snitte te maak deur die spiere, die tong en baarmoeder. Die Engelse term vir sponssiekte, naamlik Quarter Evil of Black Quarter gee 'n mens 'n beter idee van die letsels in die spier. Die letsels is donker, amper swart sponserige verandering tussen die normale spiere.

### Inenting

Dr. Brüning sê dat alhoewel hy slegs ses gevalle van sponssiekte die afgelope tien jaar teëgekom het, is dit belangrik dat diere tussen 3 maande en 3 jaar ingeënt word. Dit is ook raadsaam om sponssiekte te minste twee weke voor miltsiekte-inentings toe te dien, aangesien die spuitplek van miltsiekte 'n ideale broeiplek vir sponssiekte-bakterieë is.

Dis belangrik om te onthou dat alle beeste gedurende April 1992 vir miltsiekte geënt moet word, aangesien ons wel vanjaar aan miltsiekte vanaf die Transkei blootgestel was.


## UIT DIE WOORD

*Maar ek vertrou op U, Here, ek sê: U is my God. My tye is in u hand. (Ps. 31:15,16)*

## KERKNUUS

Met die ter perse gaan, het die kerkbasaar van die N.G. Kerk Zastron die bedrag van R25 230 opgelewer. Daar is egter nog bydraes wat uitstaande is.


**Tienfontein**
**Bed en Brekfis**



***"Die Ou Huisie"***
**Op die plaaswerf van**
***Eugene en Alta Heyns***
**Posbus 261**
**ZASTRON 9950**
**· Tel. (05542) Vra 2931**

**Oornag in die oorspronklike sandsteen-plaashuisie**

** Kerslig!*
** Warm water*
** Yskas en Gasplaat in kombuis*
** Braaigeriewe beskikbaar*
** Asemrowende natuurskoon*
** Stapgeleenthede*
** Boesmantekeninge!*

**VOORAF BESPREKING 'N VEREISTE**

Geen troeteldiere toegelaat nie


Die finale jaar belydenisklas onder leiding van ds. Paul de Witt kamp gedurende die vakansie te Kefane, naby Oos-Londen.

## GIDEONS STIG EIE LAER

Zastron het vandeesmaand geskiedenis gemaak toe 'n Gideon-laer hier gestig is. Vir bykans nege jaar was Zastron by die Aliwal-Noord laer ingedeel. Aangesien getalle gegroei het, het die Nasionale Kantoor in Pretoria gedurende Augustus besluit dat Zastron moet afstig en verantwoordelik sal wees vir die werk in die Suidoos-Vrystaat. 'n Mooi prestasie, want Zastron is tans die kleinste dorp in die land wat oor 'n eie laer beskik.

Die Gideons is hoofsaaklik verantwoordelik vir bybelverspreiding onder blanke en nie-blanke skoliere, by hospitale, tehuise, hotelle, tronke, ens.

Enige persoon wat graag meer wil weet oor die werksaamhede van die Gideons of wil aansluit, kan met enige van die volgende Zastron Gideons in verbinding tree. Dr. Andre van Zyl, dr. Thabo van Rooyen, dr. Rob Brüning, mnr. Bill Shaer, mnr. Nico Jansen, mnr. Theo van Hasselt, mnr. Jack Human, mnr. Dermott Cusens, mnr. Leslie Higgs, mnr. Eugene Heyns.

## VLU-NUUS

Blomme was die tema van die afgelope vergadering wat op Woensdag, 18 September gehou is.

Onder die bekwame leiding van mev. Dorothy Hoffman is nuttige wenke in verband met tafelrangskikkings uitgedeel. Sy het aan die hand gedoen dat oase effens groter as die houer gesny moet word en van die onderkant af met loof gevul word. Daarna kan blomme geplaas word. Wanneer bo begin word, moet daar later onder die blomme ingebuk word om die onderkant toe te kry. Groter blomme moet korter geknip word en daar kan probeer word om blomme van verskillende teksture te gebruik.

'n Tafel, selfs vir die huisgesin, moet opgevrolik word. Maak gebruik van 'n mooi tafeldoek, of 'n ornament saammet blomme.

Mev. Hoffman het verder beklemtoon dat daar elke dag blomme in die huis moet wees. Veral wanneer gaste oorslaap, is blomme in die gastekamer 'n vereiste. Wanneer rose aangekoop word, moet die kleurskema van sit- en leefkamers in aanmerking geneem word. Koop dan vier of vyf rose van dieselfde kleur om te verseker dat jy genoeg rose het om in die huis te sit.

Die volgende vergadering vind op 23 Oktober plaas en 'n demonstrasie vir die maak van materiaaloorgetrekte portretraampies word beplan. Alle belangstellendes is welkom.


SQUARES

*Meubileerders*

*Geskenkware*

Groot verskeidenheid altyd beskikbaar

*Volvloermatte*

Gratis kwotasies

Werk gewaarborg


TEL. 281

POSBUS 21
ZASTRON


## TUINBOUKLUB

Die Zastron Tuinbouklub beplan op Vrydag, 18 Oktober 'n uitstappie na Aliwal-Noord wat beloof om 'n groot lekkerte te wees. Belangstellendes (nie-lede) kan met die bestuurslede skakel vir meer besonderhede.

# RENDEZVOUS
## GEBRUIKTE MOTORS
## LADYBRAND



**TEL. 2936/2729**

**NA URE: T. Nel 2441**
**T. Lourens tel. 2101**
**LESOTHO 0027561**
**E. Lehasa 40088**
**K. v.d. Berg 40378**

| | |
|---|---|
| 1990 Jetta CSI. Radio/T + Serv/R. 20 000 km | R37 900 |
| 1990 Toyota Corolla GL-I Twin Cam 16V 29 000km | R39 500 |
| 1990 Toyota Corolla 1.3L Rad/T 28 000 km | R22 000 |
| 1990 Jetta CSX + Air/C Rad/T 44 000 km Serv/R | R28 750 |
| 1990 VW Golf CSL + Air/C Rad/T 33 000km Serv/R | R26 800 |
| 1988 Mercedes Benz 200 Man + Airc. 53 000 km | R68 000 |
| 1990 Toyota Corolla 1.6 GL At. 40 000 km | R21 000 |
| 1988 Honda 150 AT. "New Shape" 65 000 km | R29 000 |
| 1988 Toyota Corolla 1.6 GL At. 40 000 km | R21 000 |
| 1986 Toyota Corolla 1.6 GL One Owner | R16 600 |
| 1986 Opel Rekord Station/W Very Good | R15 500 |
| 1981 Audi 100 S. As Is | R 6 200 |
| 1990 Mazda Rustler Drifter 22 000 km + Canopy | R23 900 |
| 1991 Isuzu KB250 D. L.W.B. 32 000 km | R32 000 |
| 1990 Ford Courier V6 Leisure LDV "Sold" | R29 900 |
| 1990 Nissan 1.8 SWB One Tonner | R23 700 |
| 1987 Toyota Hi-Lux 1 600 LDV | R15 900 |
| 1984 Gypsey 4 Caravan Very Good Condition | R13 000 |
| 1988 Ford Tri-Ton Diesel | R44 000 |

# LEERSAME KADETKAMP VOLGENDE JAAR WEER

Die Hoërskool Zastron het gedurende die naweek van 13/14 September 'n kadetkamp vir 23 seuns aangebied.

Nadat toerusting uitgedeel is, is die entoesiastiese seuns in groepe verdeel. Terwyl verskeie aanvalle geloods is, is punte toegeken vir die span wat eerste by die kampeerplek in die berg uitgekom het.

**Inligting**

Gedurende die aand het mnr. Maccie McCallaghan met die seuns gesels oor wat inligting behels, terwyl mnr. Pieter Brink verduidelik het wat is die basiese toerusting van 'n Weermagman. Kmdt. Koos Roos het die huidige veiligheidsituasie in die land bespreek.

Die Saterdagoggend is daar vroeg geroer. Aangesien die seuns die onderwysers die heelnag uit die slaap gehou het, is daar wraak gesweer en moes die seuns "die gevolge" dra. Later het kapt. Wicus Fouche 'n lesing aangebied en die seuns geleer om met 'n R1-geweer te skiet.

Te gou was die kamp verby, maar vir die seuns was dit 'n onvergeetlike leerskool - vir sommige was dit selfs hul eerste kennismaking met 'n geweer. Gaan dit nou 'n instelling word? "Beslis ja," was mnr. McCallaghan se antwoord.

# ROSARY

As gevolg van die rasionalisasiebeleid van die Departement van Onderwys OVS word die leerkragte van Rosary Skool in 1992 verminder tot twee vir die beraamde leerlingtal van 67. Hierdie leerlinge moet parallel-medium onderrig ontvang van Sub A tot St. 4.

Na 'n deeglike ondersoek van die Bestuursraad, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat gehalte-onderwys die lydende party sal wees. Die Rosary Bestuursraad het besluit om aansoek te doen om met die Hoërskool Zastron te amalgameer.

**Konsert**

Op Vrydagaand, 18 Oktober bied Rosary die operette "Katjiestewels" in die stadsaal aan. Die gordyne skuif om 19h30 oop. Moet dit nie misloop nie. Bespreek vroegtydig by Foschini.


**CALEDON MAKELAARS BK**

***U onafhanklike Versekerings-makelaars***

U het ons nodig

indien u voel dat u -

- PREMIES TE HOOG IS ....
- PORTEFEULJE HERSIEN MOET WORD ...
- ONAFHANKLIKE ADVIES VERLANG ....

***ONS VERSKAF GRATIS KWOTASIES***


Skakel vandag nog

**ZASTRON TEL. 259**

# WYNVEILING REUSE SUKSES

Die Hoërskool Zastron het vandeesmaand 'n gesellige Duitse aand in die skoolsaal aangebied waartydens 60 bottels wit - en 60 bottels rooi wyn opgeveil is. Die gemeenskap het hul volle ondersteuning gebied en die aand het 'n bruto-inkomste van R4 000 opgelewer. 'n Spesiale bottel rooi en witwyn is deur mnr. Koos Roos vir onderskeidelik R580 en R270 elk gekoop. Mnr. Herman Meyer het vir 'n verouderde bottel R439 betaal. Elke bottel wyn het 'n gemiddelde prys van R33 behaal.

**Hier hou die skoolhoof, mnr. Dan Steytler 'n bottel rooi -en witwyn vas. Simonsvlei Koöperasie het die wyne gebottel en Zastron Hoërskool het sy eie etikette vir die geleentheid laat druk.**




**J. FOUCHE & KIE**
*Prokureur*
Volkskas-gebou Zastron

**EXACTAX**
*Boekhouers- en Belastingdienste*
**BOEDELBEPLANNING**
**BELEGGINGS**
*Verbande en Finansiering*
**EIENDOM**
**VERSEKERING**

Tel. 259 Zas.

**Agent vir**
*Santam Mutual* *Bloemboard*

Tel. 6 Rxv.



**MODEL SLAGHUIS**

***Ons spesialiseer in***

***Gerookte Varkboude***

***Skaap- en Varkribbes***

***Rookwors en nog vele meer***

Eien. G.J.J. Schoeman & G.J. Marais

**TEL. 188**

# ADVERTENSIES


Geklassifiseerde advertensies kan aan Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste daaraan verbonde is R5.00 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5.00 kos. Let wel geen geklassifiseerde advertensie sal geplaas word indien dit nie vooruitbetaal is nie.

## TE KOOP

Saad aartappelmoere te koop. R22 per 30 kg sak. Skakel mnr. H.F. Mülke, tel. 1821 Modderrivier.

1989 Ford Meteor te koop. 1.3 Liter 40 000 km. In baie goeie toestand. Diensboek beskikbaar. Prys R18 000. Skakel mnr. John Gallgahen, Mohaleshoek tel. 785392.

## "WALATA STOETERY"



S.A. Vleismerino ramme van goeie kwaliteit beskikbaar.
Prestasie getoets vir groeivermoë.
Navrae:
**Lukas van Vuuren**
**tel. 3603, Zastron**

**STUDIO "K" GIMNASIUM**
**TEL. 107**
**VANAF 1 OKTOBER 1991 OPEN DIE GIMNASIUM OM 05H45**
**KOM MAAK GEREED VIR DIE SOMER**

**ONS BIED U**
**** Äerobiese oefeninge daagliks vanaf Maandae tot Vrydae***
**** Gewigte en Oefen-apparaat***
**** Rondtebaan * Saunabad * Kleedkamers***

**VIR SLEGS R30 PER MAAND**

**Karen is 'n gekwalifiseerde Vlak I äerobiese instruktrise en sal vir u 'n persoonlike oefenprogram uitwerk. Die Gimnasium is 'n geaffilieerde lid van OVS Fitgim, asook SA Vereniging vir Oefenkunde & Fiksheid en die SA Musiekregte Organisasie.**
*************
**BESOEK STUDIO K OOK VIR**
**SKOONHEIDSBEHANDELINGS**
**deur ANLIE SMITH - 'n gekwalifiseerde skoonheidsterapeut**
**VIR NAVRAE EN AFSPRAKE**
**SKAKEL ANLIE TEL. 2313**

## BROER EN SUSTER DOEN DIT SAAM

Na maande-lange oefening, self-dissipline en opoffering het AD en Juanne Jordaan hul volle Vrystaatkleure in Landloop behaal tydens die OVS Kampioenskappe te Sasolburg. Vir AD was dit reeds die tweede keer dat die eer hom te beurt val.


Op 14 September het hulle aan die SA Kampioenskappe te Alberton deelgeneem en waar albei baie goed presteer het. Juanne is nie net bekroon as die Suidoos-Vrystaat ligawenner vir dogters onder 11 nie, maar is ook die wenner in die Bloemfontein-liga. Sy het 'n goue medalje verwerf. AD het onlangs ook verder presteer deur die Straatmyl in Bloemfontein te wen.

**MULTIMARK**
Reichenbergstraat 30
**ZASTRON**

**Algemene Handelaar**

**TEL. 10**
*Skakel gerus*
*ons doen aflewerings*

**Die twee langasems is die kinders van mnr. en mev. Dawid en Elsabé Jordaan. Wat hul prestasie verder besonders maak, is dat hulle nie skroom om te sê waar hulle krag vandaan kom nie.**



# ZASTRON AMATEUR STOEIKLUB WYS HUL STAAL

In die begin van die jaar is 'n Stoeiklub op die dorp gestig. Al die lede was beginners met geen vorige ondervinding. Met groot entoesiasme het hulle egter begin oefen en het goed gevaar. Zastron Amateur Stoeiklub het reeds aan twee groot toernooie deelgeneem.

ie eerste was die Vrystaat Ope Kampioenskappe te Bloemfontein waaraan ongeveer 200 stoeiers deelgeneem het. Zastron het veertien lede ingeskryf en het baie goed presteer. C. Cordier en B. Breen het elkeen 'n brons medalje verwerf, terwyl S. Dry en D. van Heerden met silwer medaljes weggestap het.

Die tweede toernooi het op 10 Augustus in die Callie Human-saal, UOVS, Bloemfontein plaasgevind. Dit staan as die Bloemnuus Ope bekend. Tien stoeiers van Zastron het deelgeneem en C. Cordier het een brons medalje verower.

Alhoewel die klub nog in sy kinderskoene staan, is daar baie potensiaal. Indien enige iemand belangstel om aan te sluit, kan hulle mnr. Cassie Cordier by tel. 18 (w) of 189 (h) kontak.

**Die Zastronners behou kopiereg voor op alle berigte en artikels soos verskyn in hierdie of vorige uitgawes.**

# OUD-SKOLIERE HOU ZASTRON SE NAAM HOOG

Twee eerstejaars van die Landbou Kollege Glen, Pieter Klopper en Rassie Breytenbach het gedurende die Julie-vakansie aan die Landbou Kollege rugbyweek deelgeneem. Pieter is as reserwe vir die S.A. Landbou Kollegespan gekies.

Gedurende die Kollege se prysuitdelingsfunksie het Pieter volle erekleure vir rugby en atletiek behaal en Rassie is bekroon met 'n beker as die veelsydigste junior rugbyspeler.

Pieter is die oudste seun van mnr. en mev. Dicky Klopper van Zastron en Rassie is die oudste seun van mnr. en mev. Ras Breytenbach van Boesmanskop.

**VAN REENEN & SEUN**

*Agter BP-Vulstasie*

**Algemene reparasiewerk aan enige diesel- of petrolvoertuig deur senior gekwalifiseerde werktuigkundige**

Ons doen ook sweiswerke

**TEL. 502** Na-ure tel.378

# DIS ALLES NUUT!

## Senior Rugby Subunie

Tydens dr. Danie Craven se onlangse besoek, is 'n vergadering belê waar besluit is om senior rugby in die gebied weer te laat herleef.

'n Stigtingsvergadering is gereël en 'n Senior Subunie is gestig. Die Aasvoëlberg Rugby Subunie se grondwet is reeds opgestel, asook die ontwerp van 'n sakwapen.

Die bestuurslede is as volg: President - mnr. Gaaf Botha, Voorsitter - Alex van Zyl, Vise-voorsitter - Kol. Frikkie Verster, Sekretaris - mnr. Hannes van Wijk, Tesourier - Rassie Breytenbach, Addisionele lede - mnre. C. van Rooyen, Jan Barnard, B. Erasmus en V.R. Maloni.

Na afloop van die proewe wat gespeel is, is 'n rugbyspan gekies wat binnekort teen die N.O.D. op Aliwal-Noord sal meeding.

## NUWE RUGBYVELD

Die nuwe rugbyveld is feitlik voltooi. Onder leiding van die rugbykomitee is 32 000 kubieke meter grond in nege werksdae verskuif.

Dis veral manne soos Rassie Breytenbach, Groot Frans Labuschagne, Hendrik Opperman, Daan Bekker en Barry Botha wat hul kant gebring het. Ook Alex van Zyl en Chris Crous word vir hul donasies bedank en mnr. Jurie Schoeman vir sy bydrae en die stadsraad en amptenare vir hul steun.

Op **Dinsdag, 1 Oktober om 07h30** vind 'n vergadering by die skool plaas om verdere sake oor die nuwe veld te bespreek. Almal word vriendelik genooi om dit by te woon.

Die rugbykliniek van 1992 beloof om groter as vanjaar te wees. Selfs 'n skeidsregtersafrigtingskursus word in die vooruitsig gestel.


**BOOTS-'N-ALL**


**Posbus 120** **Mattheestraat**
**Tel. 206** **Zastron**


ONS SPESIALISEER IN

*Die beste wol*
*Kwaliteit materiaal*
*Groot verskeidenheid skoene*
*Kramery*
*Skryfbehoeftes*
*Video- en klank kasette*

TEEN DIE BESTE PRYSE!

Handelaar in **SHARP**
sakrekenaars en radio's








SPRINGBOK KAFEE
Zastron

Tel. 46

*Ons lewer 'n*
*Eenstop-diens*

**Probeer gerus ons vleispasteie, vis en skyfies**

*Ons bak daagliks*

**TEEKAMER**


Dit was 'n gewoel en 'n gewerskaf soos min op die nuwe rugbyveld. Hier verskyn die komiteelede by een van die trekkers v.l.n.r. mnr. Rassie Breytenbach, Freddie Müller, Alex van Rensburg, Chris Crous, Jan Barnard en Gaaf Botha.



# ZASTRON GHOLFKLUB

Na die bedrywige winterprogram, het die somer-toernooie in alle erns begin. Laurie Knepscheld het Zastron se naam hoog gehou toe hy tweede plek behaal het tydens 'n kompetisie te Lady Grey.

Tydens 'n Ope Dag wat te Bloemfontein aangebied is, is Dermott Cusens, Redge Henning, Elmo Cusens en Nic van Rensburg daarin geslaag om tiende te eindig. Twee-en-twintig spanne het gekompeteer.

### Besproeiing

Terloops, die gholfbaan se nuwe besproeiingsstelsel werk onverbeterlik. Dank aan Freddie Müller en sy span werkers. Waar dit byvoorbeeld voorheen vyf ure geneem het om 9 setperke nat te spuit, neem dit nou slegs 24 minute! Nie minder as 30 000 liter water word in die kort tydjie gespuit.

## DRIEKAMP

Die volgende Driekamp-kragmeting vind op 28 November plaas. Belangstellendes moet solank begin oefen vir die 230 m swem, 3.3 km draf en 12 km fietsry. Mans en Dames kompeteer in eie afdelings. Na afloop van die wedloop, sal 'n braaivleis gehou word.


BKB

Posbus 104 Ralphstraat
Tel. 219/171 Zastron

**BOEREMAKELAARS (KOÖP) BEPERK**

***AANDAG ALLE BOERE***

Groot verskeidenheid voere

**VERSKEIE**

**SPESIALE AANBIEDINGS**

Kom gesels gerus met

**JACO DU PLESSIS**

in verband met

sonkrag dompelpompe

omheiningsmateriaal

en alle plaasbenodigdhede

Soek u vee of wil u vee verkoop?

Probeer my diens


en vergelyk my pryse!

Lewendehawe Transaksies

*Kontak tel.* 547

**KLASIE AUCAMP**

# MALUTI HOTEL ZASTRON



OP DIE HOOGLANDROETE

ON THE HIGHLAND ROUTE

*Aan die voet van die Aasvoëlberg op die Hooglandroete en slegs 3 km van die hoofpad is die Maluti-Hotel. Hier is die kamers onberispelik, die diens persoonlik en die maaltye onvergeetlik — voorberei in die fyn tradisie van 'n kenner soos 'n Louis Leipoldt en aangebied met keurige sorg. Die Maluti-Hotel by Zastron is waar kenners oornag op die Hooglandroete. Hier word gaste vriende en bly vriende.*

# Zastron

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS • DIE DORP MET GROEIKRAG*

**HIER VIND U:**

☆ Ongeëwenaarde natuurskoon en puik ontspanningsgeriewe ☆
☆ Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse ☆
☆ Munisipale dienste teen besonder billike tariewe ☆
☆ 'n Gesonde, gematigde klimaat ☆
☆ Puik woonwapark ☆
☆ Vakansieplase ☆
☆ Forel-vangste ☆
☆ Staproetes ☆
☆ Puik hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede ☆

**ONS NOOI U:**

*Kom besoek Zastron en vestig u hier*

Vir nadere besonderhede skakel met

**DIE STADSKLERK, POSBUS 20, ZASTRON 9950**
Tel (05542) 18


Sentrapers 13500